## Donavan Henning

**From:** Salomon Pienaar
**Sent:** 22 July 2009 19:14
**To:** 'SABLE HILLS'
**Cc:** Donavan Henning
**Subject:** RE: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Beste Mnr. Viljoen,

Soos vantevore aan u genoem het ek vir die persoon wat verantwoordelik is vir die opmetings gevra hoekom hulle net die een roete opmeet en sy antwoord was dat die twee roetes na genoeg aan mekaar is vir hulle om dus nie albei op hierdie stadium hoef te meet nie.
Hy het ook genoem dat beide roetes gevlieg is en dat hulle dus die hoogtes en koordinate van die opmetings wat hulle op die grond maak kan gebruik om die hoogtes verkry met die vlugopname te kallibreër.

U skrywe wat u aan my gestuur het sal ingesluit word in die "EIA" Verslag se publieke kommentaar ontvang gedeelte. Ongelukkig het die "Scoping Phase" se afsny datum reeds 19 Julie 2009 verstrek (soos aangedui in die Agterrond Inligtings Dokument) en sal alle kommentaar daarna eers ingesluit word tydens die "EIA" Fase van die impak studie. Ek het wel reeds u kaarte en skrywe aan die spesifieke enginieurs gestuur vir hul aandag en as motivering hoekom die alternatief oorweeg moet word.

Groete

Salomon Pienaar

**Nemai Consulting**
Tel : (011) 781 1730
Fax : (011) 781 1731
Mobile: 073 183 1722
Email : salomonp@nemai.co.za
Address: 147 Bram Fisher Drive Ferndale, 2194
Postal Address: PO Box 1673, Sunninghill, 2157

---

**From:** SABLE HILLS [mailto:info@sablehillseco.co.za]
**Sent:** 22 July 2009 19:01
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** Re: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Hi Salomon,

Sal my vrese ook aangespreek word in die Ekologiese Impakstudie ?

Ek het vandag met die span landmeters gepraat en hulle doen tans n volledige opmeting van die voorgestelde roete waarteen ek beswaar maak.
Beteken dit dan presies wat ek maande gelede op die openbare vergadering gevra het, naamlik dat julle lankal en sonder inagneming van enige alternatiewe reeds KLAAR BESLUIT HET.

Groete
Gerhard Viljoen

> ----- Original Message -----
> **From:** Salomon Pienaar
> **To:** SABLE HILLS
> **Sent:** Wednesday, July 22, 2009 6:17 AM
> **Subject:** RE: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Beste Mnr. Viljoen

Hiermee erkenning dat ek u skrywe ontvang het. Ek stuur dit so aan die enginieurs span om in ag te neem.

Groete

Salomon Pienaar

---

**Nemai Consulting**
Tel : (011) 781 1730
Fax : (011) 781 1731
Mobile: 073 183 1722
Email : salomonp@nemai.co.za
Address: 147 Bram Fisher Drive Ferndale, 2194
Postal Address: PO Box 1673, Sunninghill, 2157

---

**From:** SABLE HILLS [mailto:info@sablehillseco.co.za]
**Sent:** 21 July 2009 18:31
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** Fw: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

----- Original Message -----
**From:** SABLE HILLS
**To:** salomon Pienaar
**Sent:** Monday, July 20, 2009 7:42 PM
**Subject:** SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Hi Salomon,
Ter opvolg van my gesprekke met julle wil ek graag net die volgende punte ook op skrif sit.

- Die twee plase hierbo genoem waaroor die voorgestelde pyplyn loop is saamgevoeg in n EKO PARK met die naam van SABLE HILLS ECO PARK. Hierdie EKO PARK is ingevolge die "DEVELOPMENT FACILITATION ACT 67/1995" deur n Staatsingestelde Tribunaal hergeklassifiseer vanaf Landbougrond en DORPSTIGTING met n totaal van 114 Voltitel erwe is goedgekeur.

Hierdie Erwe se posisie word duidelik uiteengesit op die aangehegte kaart wat dan ook volgens Wet by die Landmeter Generaal Pretoria geregistreer is.

Ter inligting kan gemeld word dat die erwe se pryse wissel vanaf R450,000 tot en met R1m .
Primer word n erf se prys dan ook bepaal deur een enkele aspek en dit is sy uitsig oor die ongeskonde natuur van die bosveld.
Ek het dit op meer as een geleentheid dit baie duidelik gestel dat die voorgestelde roete vir die nuwe pyplyn n vernietigende effek op die natuur gaan he wat negatief gaan impak op die uitsigte van menige van hierdie erwe asook op die hele inslag van die EKO PARK.

Die monetere impak hiervan gaan astronomies wees vir die Ontwikkelaar/Eienaars want dit gaan n oogseer wees wat vir ewig in die toekoms in die oog van al die natuurliefhebbers gaan vassteek,wat hier betrokke is gaan wees.

Daarbenewens word die vernietigbare effek wat skietwerk langs die pad gaan he myns insiens heeltemal onderskat deur diegene wat dit as enigste opsie voorstaan.
Om hierdie stelling te staaf het ek op eie onkoste n "BLASTING SPECIALIST" gekontrakteer wat die voorgestelde roete kom inspekteer het en hy het my ergste vrese net bevestig.
Volgens sy intieme kennis gaan die skietwerk aan die bokant van die pad nie net die hele pad onbegaanbaar maak vir baie lang tye nie maar dit gaan ook nog alle bome en alle natuurlewe aan die oorkant die pad in die ravyn totaal vernietig.
Sy verduideliking wat gebaseer is op jare se "HANDS ON" ondervinding, is dat die pad so nou is dat geen vragmotor of enige van die swaar laaigrawe daarin sal kan omdraai nie - dit beteken dat vragte een vir een in tru-rat op en af

gery moet word vir kilometers op n keer. Dink hier aan hoe onmoontlik so opdrag aan die kontrakteurs gaan wees om dit uit te voer binne n gegewe tydsbeperking nie, of om byvoorbeeld n noodlaan te alle tye oop te hou sou daar n noodgeval by die damwal ontstaan wat alle water na die dorp afsny of as n werker byvoorbeeld deur n slang gepik is en dringend by n hospitaal moet uitkom.

Hier wil ek dit onomwonde stel dat ek nie saamstem met die ingineur wat my besoek het se "TEORIE" dat hy dit as n verpligting aan die arme kontrakteur sal inskryf om n noodlaan oop te hou nie -  (DIT IS N PRAKTIESE ONMOONTLIKHEID)

Addisioneel hiertoe is dit die spesialis se waarskuwing dat alle los klippe groter as n sokkerbal met vernietigende effek oor die pad gaan spring en alle bome en struike permanent bo die grond gaan afsny tot onder in die mooiste ravyn met fonteine op die hele plaas.
Hierby kan geen masjien of persoon weer hierdie los rotse daar onder vanuit die ravyn haal, wat tot gevolg gaan he dat enige vorm van rehabilitering van die natuur ook hier n praktiese onmoontlikheid is.

Die uiteinde van die saak gaan wees dat daar n strook van tot honderde meters totaal vernietig gaan word en dit is vir ons natuurliefhebbers van SABLE HILLS ECO PARK so belangrik dat ons enige skietwerk op hierdie roete tot by die hoogste gesag in die land sal beveg

Onthou ook dat hierdie Ontwikkeling binne die Internasionaal erkende WATERBERG BIOSFEER val en dat ons die teenkanting van die destruksie van ons besonderse natuurskoon tot op Internasionale Forum sal beveg indien ons moet.

Groete,

Gerhard Viljoen

.

## Donavan Henning

**From:** Salomon Pienaar
**Sent:** 13 July 2009 15:59
**To:** 'SABLE HILLS'
**Subject:** RE: MKWAP
**Attachments:** Comments and Response Report De-bottlenecking.pdf; Minutes Meeting 1-220609.pdf; MCWAP - Description of Ground Control Surveys.pdf

Beste Mnr. Viljoen,

Vind aangeheg die Kommentaar en Terugvoerings Verslag van die ope dag gehou op 28 May 2009. Ek vra omverskoning vir die engels, maar ons moet dit so doen vir die amptenare van die Department van Omgewingsake om al die kwessies genoem en korrespondensie te verstaan. Die verslag vorm deel van die Omvangsbepalingsverslag wat binnekort vrygestel sal word vir publieke kommentaar alvorens dit ingedien sal word by die Departement van Omgewingsake vir evaluering, waarna die volgende fase sal afskop.

Laat weet my asseblief sou enige van die inligting onduidelik wees of indien daar 'n inligting kort kom. Omdat dit 'n ope dag was het ek net notas gemaak en dus nie notules geskryf nie.

Aangeheg vind ook die notas soos geneem deur Sonja van Eden tydens hul terrein besoek op u plaas op 22 Junie 2009. Soos hulle met u bespreek het gaan die Topografiese Opname span binnekort begin met die opmetings vir die projek. Ek het vanoggend met die spesifieke konsultante gepraat en hulle behoort nog in hierdie week te begin. Sover ek weet sluit hul opdrag ook in om die roete soos deur u voorgestel te meet.

Aangeheg vind ook 'n beskrywing van die Topografiese Opnames beplan. Verskoon asseblief weereens die engels.

Dankie vir u insette tot dusver.

Groete

Salomon Pienaar

**Nemai Consulting**
Tel : (011) 781 1730
Fax : (011) 781 1731
Mobile: 073 183 1722
Email : salomonp@nemai.co.za
Address: 147 Bram Fisher Drive Ferndale, 2194
Postal Address: PO Box 1673, Sunninghill, 2157

---

**From:** SABLE HILLS [mailto:info@sablehillseco.co.za]
**Sent:** 08 July 2009 13:46
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** MKWAP

Hi Salomon,
Ek het nog nie n afskrif vd notule van die laaste vergadering, wat met ons gehou is te Ashante, ontvang nie.
Is dit moontlik om dit vir my/ons aan te stuur?
Daar was kort daarna met my vergadering gehou deur twee persone wat die roete vd pyplyn oor die plase WITBANK LQ647 & WOLVENFONTEIN LQ645 beplan.
Ek het nog geen opvolg vanaf hulle gehad nie en daarom stel ek dit net betyds op skrif dat ek gladnie met hulle inisiele waardering akkoord gaan oor die feit dat hulle n halwe berg wil wegskiet langs my toegangsroete en die mooiste spruit/vallei op my grond nie.
Ek het op my eie onkoste n private skietkontrakteur gehuur om die voorgestelde skietwerk en die impak daarvan op my daaglikse logistiek asook die ekologie te verduidelk aan die hand van sy PRAKTIESE ondervindig.

Ek is nou meer vasbeslote om die voorgestelde roete soos dit tans staan met alles in my vermoe te beveg na ek sy kommentaar gehoor het.
Ek het dit duidelik aan die twee roete beplanners gestel dat daar wel n baie beter en goedkoper opsie beskikbaar is en dit is wel ook later deur die skietkontrakteur aan my bevestig.

Ek vra dat julle my asb op hoogte vd. verwikkelinge sal hou.

Groete,
GERHARD VILJOEN
083-274-6050

## Donavan Henning

**From:** SABLE HILLS [info@sablehillseco.co.za]
**Sent:** 22 July 2009 19:01
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** Re: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Hi Salomon,

Sal my vrese ook aangespreek word in die Ekologiese Impakstudie ?

Ek het vandag met die span landmeters gepraat en hulle doen tans n volledige opmeting van die voorgestelde roete waarteen ek beswaar maak.
Beteken dit dan presies wat ek maande gelede op die openbare vergadering gevra het, naamlik dat julle lankal en sonder inagneming van enige alternatiewe reeds KLAAR BESLUIT HET.

Groete
Gerhard Viljoen

----- Original Message -----
**From:** Salomon Pienaar
**To:** SABLE HILLS
**Sent:** Wednesday, July 22, 2009 6:17 AM
**Subject:** RE: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Beste Mnr. Viljoen

Hiermee erkenning dat ek u skrywe ontvang het. Ek stuur dit so aan die enginieurs span om in ag te neem.

Groete

Salomon Pienaar

**Nemai Consulting**
Tel : (011) 781 1730
Fax : (011) 781 1731
Mobile: 073 183 1722
Email : salomonp@nemai.co.za
Address: 147 Bram Fisher Drive Ferndale, 2194
Postal Address: PO Box 1673, Sunninghill, 2157

**From:** SABLE HILLS [mailto:info@sablehillseco.co.za]
**Sent:** 21 July 2009 18:31
**To:** Salomon Pienaar
**Subject:** Fw: SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

----- Original Message -----
**From:** SABLE HILLS
**To:** salomon Pienaar
**Sent:** Monday, July 20, 2009 7:42 PM
**Subject:** SABLE HILLS -(WITBANK LQ647& WOLVENFONTEIN LQ645)

Hi Salomon,
Ter opvolg van my gesprekke met julle wil ek graag net die volgende punte ook op skrif sit.

- Die twee plase hierbo genoem waaroor die voorgestelde pyplyn loop is saamgevoeg in n EKO PARK met die naam van SABLE HILLS ECO PARK. Hierdie EKO PARK is ingevolge die "DEVELOPMENT FACILITATION ACT 67/1995" deur n Staatsingestelde Tribunaal hergeklassifiseer vanaf Landbougrond en DORPSTIGTING met n totaal van 114 Voltitel erwe is goedgekeur.

Hierdie Erwe se posisie word duidelik uiteengesit op die aangehegte kaart wat dan ook volgens Wet by die Landmeter Generaal Pretoria geregistreer is.

Ter inligting kan gemeld word dat die erwe se pryse wissel vanaf R450,000 tot en met R1m .
Primer word n erf se prys dan ook bepaal deur een enkele aspek en dit is sy uitsig oor die ongeskonde natuur van die bosveld.
Ek het dit op meer as een geleentheid dit baie duidelik gestel dat die voorgestelde roete vir die nuwe pyplyn n vernietigende effek op die natuur gaan he wat negatief gaan impak op die uitsigte van menige van hierdie erwe asook op die hele inslag van die EKO PARK.

Die monetere impak hiervan gaan astronomies wees vir die Ontwikkelaar/Eienaars want dit gaan n oogseer wees wat vir ewig in die toekoms in die oog van al die natuurliefhebbers gaan vassteek,wat hier betrokke is gaan wees.

Daarbenewens word die vernietigbare effek wat skietwerk langs die pad gaan he myns insiens heeltemal onderskat deur diegene wat dit as enigste opsie voorstaan.
Om hierdie stelling te staaf het ek op eie onkoste n "BLASTING SPECIALIST" gekontrakteer wat die voorgestelde roete kom inspekteer het en hy het my ergste vrese net bevestig.
Volgens sy intieme kennis gaan die skietwerk aan die bokant van die pad nie net die hele pad onbegaanbaar maak vir baie lang tye nie maar dit gaan ook nog alle bome en alle natuurlewe aan die oorkant die pad in die ravyn totaal vernietig.
Sy verduideliking wat gebaseer is op jare se "HANDS ON" ondervinding, is dat die pad so nou is dat geen vragmotor of enige van die swaar laaigrawe daarin sal kan omdraai nie - dit beteken dat vragte een vir een in tru-rat op en af gery moet word vir kilometers op n keer. Dink hier aan hoe onmoontlik so opdrag aan die kontrakteurs gaan wees om dit uit te voer binne n gegewe tydsbeperking nie, of om byvoorbeeld n noodlaan te alle tye oop te hou sou daar n noodgeval by die damwal ontstaan wat alle water na die dorp afsny of as n werker byvoorbeeld deur n slang gepik is en dringend by n hospitaal moet uitkom.

Hier wil ek dit onomwonde stel dat ek nie saamstem met die ingineur wat my besoek het se "TEORIE" dat hy dit as n verpligting aan die arme kontrakteur sal inskryf om n noodlaan oop te hou nie - (DIT IS N PRAKTIESE ONMOONTLIKHEID)

Addisioneel hiertoe is dit die spesialis se waarskuwing dat alle los klippe groter as n sokkerbal met vernietigende effek oor die pad gaan spring en alle bome en struike permanent bo die grond gaan afsny tot onder in die mooiste ravyn met fonteine op die hele plaas.
Hierby kan geen masjien of persoon weer hierdie los rotse daar onder vanuit die ravyn haal, wat tot gevolg gaan he dat enige vorm van rehabilitering van die natuur ook hier n praktiese onmoontlikheid is.

Die uiteinde van die saak gaan wees dat daar n strook van tot honderde meters totaal vernietig gaan word en dit is vir ons natuurliefhebbers van SABLE HILLS ECO PARK so belangrik dat ons enige skietwerk op hierdie roete tot by die hoogste gesag in die land sal beveg

Onthou ook dat hierdie Ontwikkeling binne die Internasionaal erkende WATERBERG BIOSFEER val en dat ons die teenkanting van die destruksie van ons besonderse natuurskoon tot op Internasionale Forum sal beveg indien ons moet.

Groete,

Gerhard Viljoen

.